Hoe op aarde kon dit gebeur?


Mike Smuts

Verlede jaar het ek die voorreg gehad om 'n groep Christene uit Amerika op 'n toer deur ons wonderlike land te vergesel. Hulle is almal verbind aan die Trinity College in Palos Heights (Chicago). As deel van die toer het ons hulle na Robbeneiland geneem. Die plaaslike gidse wat 'n mens daar deur die gevangenis neem, is almal self oud-gevangenes.

Aan die einde van die toer kon die groep aan ons gids vrae stel. Een van hulle vra toe wat die rol van die NGK in die apartheidsjare was. Die gids antwoord: "The NGK supported the policy of apartheid. Can you believe it? How the hell that can be, I do not know!"

Die volgende vraag was toe wat die NGK se standpunt vandag is. Die gids antwoord dat hy nie weet nie. Daarop het ek my hand opgesteek en gesê dat ek 'n predikant van die NGK is en dat ek inligting kan gee – inligting waarop die gids dankbaar en verras gereageer het.

Later bied ek toe vir die toerleier aan dat, indien hulle meer wil weet van "how the hell that can be", ek bereid is om met die groep daaroor te praat. Hulle reaksie op my praatjie was só positief dat hulle my daarna genooi het om hulle kollege in Amerika te besoek en by 'n konvensie daaroor te kom praat.

My antwoord aan die Amerikaanse groep het min of meer die volgende gedagtegang gevolg:

☞ Die NGK was vir sy eerste 200 jaar in Suid-Afrika net een kerk waaraan alle gelowiges kon behoort.

☞ Gaandeweg bou daar spanning op tussen wit en "bruin" lidmate – veral rondom die nagmaal. In 1857 besluit die sinode dat bruin gemeentes wat so verkies, hulle eie kerkverband kan vorm. Daar word duidelik gesê dat die besluit nie op Bybelse gronde geneem word nie, maar vanweë "die swakheid van sommige". Dit lei daartoe dat die NG Sendingkerk in 1881 gestig is en vir die eerste keer het ons twee kerke in die NGK-familie.

☞ Toe die NGK onder swart mense sendingwerk begin doen het, was die gebruik van afsonderlike kerke so gevestig dat daar na analogie daarvan ook 'n afsonderlike kerk vir swart lidmate gevorm is – die NGK in Afrika. Dieselfde is gedoen met ons Indiër-lidmate.

☞ In die 1940's, ná die Tweede Wêreldoorlog, het 'n aantal faktore 'n rol gespeel in die uiteindelike formulering van die beleid van apartheid en die steun van die kerk daarvoor:

☑ Die wêreldwye verskynsel van koloniale "empires" het skielik ongewild geraak en die koloniale moondhede het so gou as moontlik van hulle kolonies ontslae geraak. Hulle burgers en amptenary in die kolonies is terug huis toe.

☑ In Afrika was daar 'n baie sterk groeiende nasionalistiese strewe na vryheid en selfbeskikking.

☑ In Suid-Afrika, anders as in die res van

Afrika, was die wit Suid-Afrikaners nie koloniale amptenare of burgers van 'n ander land nie. Hulle was burgers van Suid-Afrika wat al geslagte lank in die land woon. Hierdie wit Suid-Afrikaners is ook gekonfronteer met die opkoms van swart nasionalisme en is daardeur bedreig. Die probleem van die sogenaamde "swart gevaar" het politieke gesprekke oorheers.

☑ Destyds was segregasie en diskriminasie teen swart mense wêreldwyd aan die gang. Dit was die werkwyse van al die koloniale owerhede – ook in Amerika.

☑ Op dié stadium was die praktyk van aparte kerke vir die verskillende groepe in die NGK reeds ongeveer 80 jaar aan die gang en goed gevestig. In die soeke na 'n politieke oplossing, was dit maklik om na die analogie van aparte kerke ook die oplossing in 'n beleid van aparte state of tuislande te vind.

☞ Vir die Afrikaners was dit belangrik om die beleid ook Christelik te begrond. Dit is gevind in die bewering dat hulle op Christelike grondslag vir ander gun wat hulle vir hulleself begeer – om onafhanklik 'n eie staat te kan bewoon.

☞ Binne die kerk was daar teoloë wat die Bybelse fundering van die beleid ernstig bevraagteken het. Die meerderheid het egter wel 'n Bybelse fundering gevind.

☞ Intussen groei die verset van swart vryheidsbewegings soos die ANC en die PAC. Dit lei tot die Sharpeville-insident waar 'n groot getal swart mense in 'n protesoptog doodgeskiet is.

☞ As gevolg van Sharpeville belê die Wêreldraad van Kerke 'n samespreking van lidkerke in Suid-Afrika (Desember 1960). Dit vind plaas in die Cottesloe-koshuis van die Witwatersrandse Universiteit. In die Cottesloe-verklaring wat daarna uitgereik is, word aspekte van die beleid van apartheid op Christelike grondslag gekritiseer. Dit veroorsaak groot ontsteltenis in Afrikaner-geledere.

☞ Dr Verwoerd, die destydse eerste minister, sê in sy Nuwejaarsboodskap dat die Cottesloe-verklaring deur afgevaardigdes van die kerk onderskryf is, maar dat dit nie die standpunt van die kerk is nie. Hy skakel persoonlik van die leiers in die kerk en eis dat die kerk die saak regstel.

☞ Die sinodes distansieer hulle van die Cottesloe-verklaring en bedank uit die Wêreldraad van Kerke.

☞ Die behoefte aan 'n amptelike standpunt van die Algemene Sinode neem toe en die debat oor apartheid groei binne die NGK. Uiteindelik aanvaar die Algemene Sinode in 1974 die beleidsdokument "Ras Volk en Nasie". Die basiese argument was dat God 'n verskeidenheid van volkere geskep het, en dat ons die verskeidenheid moet respekteer en beskerm in die kerk (aparte kerke) en die staat. Die dokument verklaar tog ook uitdruklik dat lidmaatskap van 'n bepaalde kerk aan geen gelowige op grond van ras of etniese verband ontsê mag word nie.

☞ Die grootste kritiek teen die standpunt deur persone wat dit teengestaan het, was dat die eenheid van die kerk in die proses geweld aangedoen word. Op staatkundige vlak was die feit dat die beleid van apartheid eensydig deur die wit burgers van die land besluit is en op die ander afgedwing word, as onchristelik uitgewys.

☞ In Junie 1976 vind die jeugopstand plaas waarin 'n hele aantal kinders doodgeskiet word. Dit verdiep die debat oor die regverdigbaarheid van apartheid binne die NGK.

☞ Uiteindelik besluit die Algemene Sinode in 1982 dat die beleid grondig hersien moet word en stel 'n kommissie daarvoor aan. Hulle verslag, "Kerk en Samelewing" word in 1986 as nuwe beleid aanvaar. Dit verteenwoordig 'n radikale ommekeer

van die kerk in sy standpunt ten opsigte van aparte kerke vir aparte volke en die staatsbeleid van apartheid. Die kerk erken ook dat hy te lank oor apartheid teoreties besin het en nie gevoelig was vir die lyding wat dit vir baie burgers veroorsaak het nie.

☞ Lidmate was geskok deur dié ommekeer. Die vraag word dikwels gevra hoe die kerk aparte kerke en die beleid van apartheid Bybels kon regverdig en nóú, op grond van dieselfde Bybel, kan sê dat dit verkeerd is. Om dit te verstaan, moet 'n mens die volgende in gedagte hou:

☑ Die politieke situasie in die veertiger- en vyftigerjare waarin die witmense deur die "swart gevaar" bedreig gevoel het, het gemaak dat hulle gesoek het na 'n oplossing vir oorlewing. 'n Mens moet begryp dat dit 'n groot invloed gehad het in hoe hulle die Bybel interpreteer het.

☑ Daar was nie net 'n groeiende swart nasionalisme in daardie tyd nie, maar ook 'n sterk Afrikaner-Nasionalisme wat veral in 1938 'n sterk impetus gekry het met die 100-jarige herdenking van die Groot Trek.

☑ Teen daardie agtergrond was die beklemtoning van die verskeidenheid van volke wat in die Bybel vermeld word, en die interpretasie daarvan as 'n Goddelike instelling, baie aanloklik.

☑ Die probleem dat dit die eenheid van die kerk in die gedrang bring, is oorkom deur te verklaar dat die eenheid van die kerk 'n onsigbare geloofseenheid is en dat dit nie sigbaar uitdrukking hoef te vind nie.

☑ Gaandeweg het die kritiek op hierdie hantering van die Skrif gelei tot ander insigte waarin beklemtoon word dat die eenheid van die kerk die verskeidenheid deurbreek, en dat die verskeidenheid nooit so beklemtoon mag word dat die eenheid van die kerk in die gedrang kom nie.

☑ Op politieke terrein het die oortuiging gegroei dat die oorheersende Bybelse beginsels wat in enige politieke beleid gerespekteer moet word, dié is van regverdigheid, billikheid teenoor almal, die waardigheid van alle mense, versoening en barmhartigheid teenoor almal – almal beginsels wat deur die beleid van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) geweld aangedoen word.

☞ Die aanvaarding van "Kerk en Samelewing" het daartoe gelei dat ongeveer 2% van die NGK se lidmate wat hulle nie daarmee kon versoen nie, weggebreek het om die Afrikaanse Protestantse Kerk te vorm.

☞ By die volgende Algemene Sinode het sommige afgevaardigdes probeer om van die besluite te laat herroep. Die resultaat was dat die sinode nie net sy standpunt herbevestig het nie, maar dit selfs duideliker verwoord het.

☞ Vandag is die NGK in die nuwe Suid-Afrika besig om sy getuienis as kerk te lewer, en om saam met die ander lede van die familie van die NGK te werk aan die hereniging van die kerke in die familie.

Dit is met dankbaarheid dat ek ervaar het dat ons besoekers uit Amerika nie net die verloop van die geskiedenis begryp het nie, maar ook groot waardering getoon het vir die moed wat die NGK aan die dag gelê het om in 1986 te sê dat ons verkeerd was en 'n nuwe pad begin loop het.

Die feit dat hulle my genooi het om die verhaal in Amerika op hulle kampus te kom vertel, was 'n duidelike onderstreping van die feit dat hulle self ook uit die verhaal geleer het – geleer het dat God in sy genade selfs 'n kerk tot bekering kan lei en op 'n nuwe pad kan begelei.

Ons is voorwaar bevoorreg om saam met sy ander kinders in ons wonderlike land so 'n genadige God te kan dien!

Mike Smuts